

# Dinsdag 12 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 28:10-22

Fokusgedeelte: Genesis 28:18

## Hou boek van God se genade

Jakob, die bedrieër van sy pa en broer, is op pad na 'n land ver van die land wat God aan sy oupa Abraham beloof het. Hy sou beslis nie verwag het dat hy daardie eerste nag weg van sy ouerhuis 'n baie spesiale ontmoeting met die God van Abraham en Isak sou hê nie – 'n ontmoeting wat hom baie bang gemaak het (Gen. 28:17).

Wat 'n wonder as 'n nietige, sondige mensie wat op die oog af deur sy plannetjies soveel verloor het, ewe skielik voor die heilige God te staan kom – God wat hom verseker dat Hy steeds met hom is. God wat sy verbond in stand gaan hou, selfs deur iemand soos Jakob heen.

Onder die indruk van die lewende God wat hom opgesoek het, ja met vrees en eerbied in sy hart, tel Jakob die punt van die klip waarop hy geslaap het, op en laat dit staan as 'n monument. Voor God gooi hy bietjie olie daarop. Hierdie is 'n ontmoeting wat nooit vergeet mag word nie. Dit is dan ook sprekend dat baie jare later, wanneer dit nie goed gegaan het met Jakob en sy gesin se geestelike lewe nie, die Here hom weer sou terugstuur hierheen (Gen. 35:1).

Dit is 'n goeie gewoonte om boek te hou van God se genade – monumente daar te stel. Om die wonder van ons verhouding met God te oordink – spesifiek ook te dink aan tye wat ons sy nabyheid op 'n kosbare wyse ervaar het. Daar is herdenkingsdae in die jaar. Daar is 'n Sondag elke week. Daar is plekke en tye waarheen ons kan teruggaan – al is dit net in ons gedagte wanneer ons stil word voor ons Here. Dan groei die besef weer in ons – dis God wat my gekies het, wat my geroep het, wat by my is.

*Sing: Psalm 105-1:5*

*Prof. HG Stoker (Henk) (Teologiese Skool Potchefstroom)*